

**10 Augustus**

**Skrifgedeelte: Josua 10:1-43 (OAV)  
Fokusgedeelte: Josua 10:12-14,42**

### **Die Here se hand is nie te kort om te red nie**

Die suidelike gebiede van die land word eerste verower. Vyf Amoritiese konings span teen Gibeon saam en die verbond met Israel word getoets. 'n Geweldige groot oormag trek teen Israel op, maar deur middel van drie wonderwerke verseker God dat hulle sal oorwin.

Eers bring die Here verwarring onder die vyand (10:10). Die Here se almag strek sover as die denke en ingesteldhede van mense!

Toe bewerk die Here haelstene wat meer mense dood maak as wat die Israeliete met die swaard verslaan (10:11). Die Here beskik selfs oor die weersomstandighede.

Daarna vind een van die grootste wonders plaas: die son skyn langer as normaalweg sodat Israel genoeg "sonligtyd" kry om met sy vyande af te reken (10:13)! God as Skepper beheer alles. Soos 'n horlosiemaker die ratwerk van 'n horlosie tot stilstand kan dwing, so kan God ook die ratwerk van die heelal beheer – Hy kán die draaibeweging van die aarde om sy eie as vertraag.

Josua het met sy probleem na die Here gegaan en die Here se hand was nie te kort om te red nie (Jes 59:1). Jy kan ook met jóú probleem na die Here gaan. As dit binne sy raadsplan vir jou is, sal sy hand ook vir jou nie te kort wees om te red nie. God se hand was nie te kort toe Hy ons Here Jesus uit die doderyk lewend gemaak het nie. Selfs die dood kan Hom nie inperk nie! Hierdie opwekkingsdaad het vir ons die ewige lewe verseker.

Sing: Skrifberyming 28

Ds AH Stavast (Mosselbaai)